education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vrystaat Departement van Onderwys

**Graad 12**
**Gemeenskaplike eksamen**

# AFRIKAANS HUISTAAL
# Vraestel 3

September 2010

## PUNTE: 100

## TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings naamlik:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 'n Opstel | (50 punte) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele tekste | (30 punte) |
| AFDELING C: | Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste | (20 punte) |

2. Kies en beantwoord **EEN** vraag uit **ELKE AFDELING** in hierdie vraestel Skryf in Afrikaans.

3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

4. Punte word vir inhoud, taal en styl asook struktuur, beplanning en redigering toegeken.

   By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees. Redigering kan in potlood op die beplanningsweergawe(s) gedoen word. Dui jou beplanning deeglik aan.

   Trek 'n streep deur jou beplanning as jy die finale weergawe klaar oorgeskryf het.

5. Gee aandag aan spelling, woordkeuse, leestekens en paragraafindeling.

6. Moenie 'n vooraf voorbereide en aangeleerde skryfstuk onder 'n onderwerp inforseer nie.

7. Skryf netjies en leesbaar **SLEGS IN BLOU INK.**

AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ‘n OPSTEL van 400 – 450 woorde daaroor.
- Dui op jou finale skryfstuk die volgende aan:
  **Finale skryfstuk** asook die **nommer** soos op die vraestel en **titel** van jou skryfstuk. Indien ‘n titel nie gegee word nie, moet jy jou eie titel voorsien.
- Wenk: gebruik ongeveer 80 minute om hierdie skryfstuk te voltooi.

*1.1 Dit het my lewe onuitwisbaar aangeraak.*
*Vertel van daardie iets of iemand wat jou lewe beïnvloed het. [50]*

OF

1.2 Ek voel my selfoon in my sak fibreer en ek weet dat uitstel verby is en ek nou `n antwoord sal moet gee.

[50]

OF

1.3 “Neem my saam in die holte van jou hart
Bêre my naam in jou hemp se laaste vou”
(Nataniël - uit Saam)

[50]

OF

1.4 Die jeug kan nie weet hoe ouer mense dink en voel nie. Maar ou mense is skuldig as hulle vergeet hoe dit was om jonk te wees.
(J.K.Rowling)

OF

## 1.5 Matriek – waarheen nou?

Heinrich B. Zaayman redenaar op Litnet as volg:

‘n Mens het natuurlik nie akademiese kwalifikasies nodig om suksesvol te wees nie, of om baie geld te maak nie. Ek is seker daar is mense met minder as matriek wat suksesvoller is as baie gegradueerdes. Dit gaan natuurlik oor dryfkrag, intelligensie en aanpasbaarheid.

Maar oorweeg die volgende: jy kan nie professioneel wees sonder die nodige graad nie, dus is dit natuurlik die enigste roete om 'n professionele beroep te volg.

Die kenners is ook oor hierdie onderwerp verdeel:

| | |
|---|---|
| Gegradueerdes kry 3 keer makliker werk en verdien 2,5 tot 4 keer meer as nie-gegradueerdes.<br>Anil Jugmogan, beleggingsanalis, Nedbank | ‘n Kind op universiteit kos R 400 000 in 2027<br>Anil Jugmogan, beleggingsanalis, Nedbank |
| 'n Graad is beslis steeds 'n mededingende voordeel in die arbeidsmark."<br>Uit navorsing van me. Percy Moleke van die RGN se eenheid vir arbeidsmarkanalise. | Ambagsmanne is deesdae ‘n kritieke tekort. Wat beteken dat hulle net so veel indien nie meer as ‘n gegradueerde verdien. In die toekoms gaan hulle die topverdieners wees. prof. W.A. Landman |

Wat sê jy? Gee jou opinie oor die aangeleentheid of matrieks na skool universiteit toe moet gaan of sommer dadelik moet begin werk.

[50]

## 1.6 Kies EEN van die prente en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitelik, betogend of bespiegelend wees. VOORSIEN JOU OPSTEL VAN ‘N GEPASTE OPSKRIF.

**1.6.1**



(Bron: www.javanants.com)

[50]

OF

**1.6.2**




(Bron: www.apostolicfaith.org))

1.6.3



[Bron: gvnet.com}

[50]

TOTAAL: AFDELING A: 50

BLAAI OM ASSEBLIEF

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ‘n skryfstuk waarvan die inhoud 180 – 200 woorde moet wees.
- Gee aandag aan die taalgebruik, register en teikengroep vir wie jy skryf.
- Dui jou finale produk met die volgende duidelike opskrif aan:
  VRAAG 2: FINAAL, asook ‘n aanduiding van jou keuse, bv. 2.1
  Nommer soos op die vraestel.
- Wenk: gebruik ongeveer 40 minute om hierdie opdrag te voltooi.

**2.1 Eenvoud is die vreugde van die lewe.**
Dit is gee en neem van wat daar is …
Koos du Plessis

Wanneer ons teen al die probleme rondom ons vaskyk, sien ons soms net ‘n donker prentjie en kyk ons verby alles waarvoor ons dankbaar moet wees.
Skryf ‘n vriendskaplike brief aan ‘n familielid waarin jy hom/haar wys op die DANKBAARHEID en die VREUGDE wat ‘n mens uit eenvoudige dinge kan put.

[30]

OF

2.2 Gebruik EEN van die onderstaande opskrifte as prikkel vir ‘n koerantartikel

| |
|---|
| Hond neem wraak toe man hom skiet |

| |
|---|
| Sokkertoernooi op hoë noot afgesluit |

| |
|---|
| Ferrari’s wys hakskene vir ander jaers in uitdaagreeks |

| |
|---|
| Sake lyk nou beter vir gestremdes |

[30]

OF

2.3 Jy het ‘n sokkerwedstryd bygewoon en was beïndruk met die toeskouers se gedrag en entoesiasme. Deel jou ervaring met ander lesers deur ‘n persbrief aan die redakteur van ‘n sporttydskrif te skryf.

[30]

OF

2.4 Jy word gevra om by ‘n oueraand ‘n toespraak die lewer oor die volgende onderwerp:

Tieners het grense nodig

Skryf jou toespraak neer.

[30]

TOTAAL: AFDELING B: 30

AFDELING C:
TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE

VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ‘n skryfstuk van 100 – 120 woorde daaroor.
- Dui jou finale produk met die volgende duidelike opskrif aan:
  VRAAG 3: FINAAL, asook ‘n aanduiding van jou keuse, bv. 3.1
- Wenk: gebruik ongeveer 30 minute om hierdie opdrag te voltooi.

3.1 INSTRUKSIES

Jou ouers vra jou om die huis op te pas terwyl hul vir ‘n naweek weg is.

Skryf die instruksies/opdragte neer soos wat jy dit van hul ontvang het.

[20]

OF

2.2 **‘n Plakkaat**

Jy woon 'n jeugkamp by. Die onderwerp van bespreking is:
As gevolg van die gejaagdheid van die lewe ly die gesin skade.

Elke lid word gevra om vyf kenmerke van ‘n gelukkige gesin neer te skryf.

Skryf nou jou vyf kenmerke/eienskappe van ‘n gelukkige gesin **in plakkaatvorm** neer.

[20]

OF

2.3 **Dagboekinskrywing**

Tim du Plessis (Redakteur van die Rapport) skryf dat as beplanning nie deur aksie gevolg word nie, is alles tevergeefs.
Aksie is dus nodig om drome te laat slaag.

Skryf nou **'n dagboekinskrywing** waarin jy baie in jou skik is dat jou beplanning/drome tog in dade/aksie omskep is.

[20]

TOTAAL: AFDELING C: 20

**GROOTTOTAAL: 100**

Vrystaat Departement van Onderwys

**Graad 12**
**Gemeenskaplike eksamen**

# AFRIKAANS HUISTAAL
# Vraestel 3

## Memorandum
September 2010

**Punte: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.

**ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE**

Vraestel 3 word volgens die nasionale nasienrubrieke nagesien.
Assessering word aangedui deur:

bv.

| Kode | Kriteria | Punt |
|---|---|---|
| 5 | Inhoud | 17 |
| 5 | T/S/R | 10 |
| 3 | Struktuur | 2 |
| | | 29 |

Die finale punt word opgetel en in ‘n kring aangedui en na die abegin van die afdeling oorgedra.
Indien die kandidaat 29½ uit 50 verkry, word die punt as ‘n heelgetal oorgedra, naamlik 30.

**AFDELING A: OPSTEL**

Afdeling A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer.

Die leerder mag slegs oor EEN prikkel geskryf word en mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreter, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien onduidelik wat die finale poging is. word die eerste opstel nagesien.

VERHALENDE OPSTEL

Hou die volgende in gedagte:

- Hierdie opstel gaan oor iets wat gebeur en vertel word (‘n storie of gebeurtenis.)
- ‘n Sterk oortuigende storielyn.
- Die opstel is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend, interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf of kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- ‘n Treffende inleiding wat die leser boei.
- ‘n Verrassende slot.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

BESKRYWENDE OPSTEL

Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings met al vyf sintuie en ‘n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, ‘n eie belewing en sinvolheid geniet aandag. (Dus meer as net die opnoem van waarnemings.)
- Tekste kan varieer van realisties na ‘n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor die beskrywing kan gegee word.
- Plekke en karakters word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word op ‘n oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

BEREDENERENDE OPSTEL

- Die opstel oor ‘n onderwerp waaroor standpunt ingeneem word, alreeds tydens die eerste paragraaf.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word. (Sien opdrag)
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- ‘n Gevolgtrekking word bereik.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

ARGUMENTERENDE OPSTEL

- ‘n Bepaalde argument word aangebied en verdedig.
- ‘n Duidelike standpunt word ingeneem.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- ‘n Gevolgtrekking word bereik in die slotparagraaf wat aansluit by die inleiding.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

BESPIEGELENDE OPSTEL:

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink.
- Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg en ‘n eie mening word gevorm (logies en sistematies).
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

VERKLARENDE OPSTEL

- ‘n Verklaring aan die hand van feite word aangebied.
- Feite word akkuraat gegee sonder dat getalle of bewyse geverifieer word.
- Die leser word tot insig en kennis gelei.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL AFDELING A: 50

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Afdeling B word volgens die rubriek uit 30 geassesseer.
Slegs een teks word in die finale vorm geassesseer. Assessering word as volg aangedui deur:

bv.

| Kode | Kriteria | Punt |
|---|---|---|
| 5 | Inhoud | 11 |
| 5 | T/S/R | 8 |
| | | 19 |

Die finale punt word opgetel en in 'n kring aangedui en na die abegin van die afdeling oorgedra.
Indien die kandidaat 19½ uit 30 verkry, word die punt as 'n heelgetal oorgedra, naamlik 20.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

- Gepaste vorm.
- Inhoud: oorspronklik, kreatief en oortuigend.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.2 KOERANTBERIG**

- Gepaste vorm: kan in kolomme of paragrawe aangebied word.
- Inhoud oorspronklik, kreatief.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.3 PERSBRIEF**

- Gepaste vorm.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**2.4 TOESPRAAK**

- Paragraaf vorm.
- Aanspreekvorm
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL: AFDELING B: 30

**AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Afdeling C word volgens die rubriek uit 20 geassesseer.
Slegs een teks word in die finale vorm geassesseer. Assessering word as volg aangedui deur:
bv.

| Kode | Kriteria | Punt |
|---|---|---|
| 4 | Inhoud | 7 |
| 5 | T/S/R | 5 |
| | | 12 |

Die finale punt word opgetel en in 'n kring aangedui en na die abegin van die afdeling oorgedra. Indien die kandidaat 9½ uit 20 verkry, word die punt as 'n heelgetal oorgedra, naamlik 10.

**VRAAG 3**

**3.1 INSTRUKSIES**

- Die skryfstuk kan puntsgewys, diagrammaties of in paragraafvorm aangebied word.
- Logiese en duidelike, verstaanbare instruksies moet gegee word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**3.2 PLAKKAAT**

- Kreatiewe uiteensetting is toelaatbaar, maar slegs die geskrewe gedeeltes word geassesseer.
- Kleur is nie belangrik nie.
- Die skryfstuk kan puntsgewys, diagrammaties of in paragraafvorm aangebied word.
- Woordkeuse moet interessant en effektief wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

**3.3 DAGBOEKINSKRYWING**

- Een of meer inskrywings kan geskryf word.
- Die inskrywing moet gedateer wees.
- Die toonaard is persoonlik.
- Die dagboekstuk word in die eerstepersoon geskryf en is geloofwaardig.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

TOTAAL: AFDELING C: 20

**GROOTTOTAAL: 100**